

Titel: Hoekom gebeur slegte goed met goeie mense?
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 01 Augustus 2010
Tyd: 09h30



a. Pyn

➤ **Goed of Sleg?**

- Wys jou jy leef nog
- Pyn vs lyding

b. Verdienende loon?

➤ **Jesus sê**

Luk 13:1-5

¹ En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. ² En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondears was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het? ³ Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. ⁴ Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het—dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? ⁵ Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.

c. Wat is die wonderwerk dan?

1. Jesus

Heb 4:14-16

¹⁴ Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. ¹⁵ Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. ¹⁶ Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

2. Jesus & Thomas

Joh 20:27-28

²⁷ Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig. ²⁸ En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!